BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG | PUBLISHED BY AUTHORITY

20c | Woensdag 2 Januarie 1980 | WINDHOEK | Wednesday 2 January 1980 | No. 4065

INHOUD:

*Bladsy*

**GOEWERMENTSKENNISGEWINGS:**

No. AG. 1 Direktoraat van Landbou en Bosbou: Ordonnansie op die Beheer van Graan en Graanprodukte, 1957: Koop van Mielies en Invoer en Verwerking van Mielieprodukte in Suidwes-Afrika 1

No. AG. 2 Direktoraat van Landbou en Bosbou: Ordonnansie op die Beheer van Graan en Graanprodukte, 1957: Aanstelling van Agent vir Koop van Oliesade 2

CONTENTS:

*Page*

**GOVERNMENT NOTICES:**

No. AG. 1 Directorate of Agriculture and Forestry: Control of Grain and Grain Products Ordinance, 1957: Purchasing of Maize and Importation Into and Processing of Maize Products in South West Africa 1

No. AG. 2 Directorate of Agriculture and Forestry: Control of Grain and Grain Products Ordinance 1957: Appointment of Agent for the Purchasing of Oil-seeds. 2

## Goewermentskennisgewings

kantoor van die
ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

No. AG. 1 1979

DIREKTORAAT VAN LANDBOU EN BOSBOU

ORDONNANSIE OP DIE BEHEER VAN GRAAN EN GRAANPRODUKTE, 1957: KOOP VAN MIELIES EN INVOER EN VERWERKING VAN MIELIEPRODUKTE IN SUIDWES-AFRIKA

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 8 van die Ordonnansie op die Beheer van Graan en Graanprodukte, 1957 (Ordonnansie 42 van 1957), en op aanbeveling van die Graanraad —

(a) stel ek hierby Sentraal Westelike Koöperatiewe Maatskappy Beperk aan as agent vir die koop en

## Government Notices

office of the
ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

No. AG. 1 1979

DIRECTORATE OF AGRICULTURE AND FORESTRY

CONTROL OF GRAIN AND GRAIN PRODUCTS ORDINANCE, 1957: PURCHASING OF MAIZE AND IMPORTATION INTO AND PROCESSING OF MAIZE PRODUCTS IN SOUTH WEST AFRICA

Under the powers vested in me by section 8 of the Control of Grain and Grain Products Ordinance, 1957 (Ordinance 42 of 1957), and on the recommendation of the Grain Board —

(a) I hereby appoint Sentraal Westelike Koöperatiewe Maatskappy Beperk as agent for the pur-

maal van mielies in die gedeelte van die gebied Suidwes-Afrika noord van die drie-en-twintigste Breedtegraad, uitgesonderd die gedeelte van Rehoboth aldus geleë, en die Oostelike Caprivi Zipfel;

(b) verbied ek hierby die invoer van alle mielieprodukte in die gebied Suidwes-Afrika, uitgesonderd die Oostelike Caprivi Zipfel, behalwe op gesag van 'n permit deur die Graanraad uitgereik op die voorwaardes wat die Graanraad goeddink;

(c) skryf ek hierby voor dat mielieprodukte wat in die gebied Suidwes-Afrika verwerk word, gemerk moet word by wyse van die aanhegting aan die oorspronklike houer daarvan van 'n etiket waarop die naam en adres van die vervaardiger daarvan verskyn; en

(d) herroep ek hierby Goewermentskennisgewing R.433 van 25 Maart 1977.

G. van N. VILJOEN
Administrateur-generaal. Windhoek, 5 Desember 1979

chasing and milling of maize in that part of the territory of South West Africa north of the twenty-third degree of Latitude, excluding that part of Rehoboth so situated, and the Eastern Caprivi Zipfel;

(b) I hereby prohibit the importation of all maize products into the territory of South West Africa, excluding the Eastern Caprivi Zipfel, except on the authority of a permit issued by the Grain Board on such conditions as the Grain Board may deem fit;

(c) I hereby prescribe that maize products processed in the territory of South West Africa shall be marked by attaching to the original container thereof, of a label bearing the name and address of the manufacturer thereof; and

(d) I hereby repeal Government Notice R.433 of 25 March 1977.

G. van N. VILJOEN
Administrator-General Windhoek, 5 December 1979

---

No. AG. 2 1979

DIREKTORAAT VAN LANDBOU EN BOSBOU

ORDONNANSIE OP DIE BEHEER VAN GRAAN EN GRAANPRODUKTE, 1957: AANSTELLING VAN AGENT VIR KOOP VAN OLIESADE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 8 van die Ordonnansie op die Beheer van Graan en Graanprodukte, 1957 (Ordonnansie 42 van 1957), en op aanbeveling van die Graanraad stel ek hierby Boeremakelaars (Ko-operatief) Beperk aan as agent vir die koop van oliesade in die gebied Suidwes-Afrika.

G. van N. VILJOEN
Administrateur-generaal Windhoek, 5 Desember 1979

No. AG. 2 1979

DIRECTORATE OF AGRICULTURE AND FORESTRY

CONTROL OF GRAIN AND GRAIN PRODUCTS ORDINANCE, 1957: APPOINTMENT OF AGENT FOR THE PURCHASING OF OIL-SEEDS

Under the powers vested in me by section 8 of the Control of Grain and Grain Products Ordinance, 1957 (Ordinance 42 of 1957), and on the recommendation of the Grain Board I hereby appoint Farmers Brokers (Cooperative) Limited as agent for the purchasing of oilseeds in the territory of South West Africa.

G. van N. VILJOEN
Administrator-General Windhoek, 5 December 1979